ENTREPRENEUR

Op soek na ware transformasie

Sy help SA maatskappye om anders te dink.

"DIE korporatiewe sektor in SA verstaan transformasie op intellektuele vlak, maar is nog nie emosioneel daartoe verbind nie," sê Anne Pratt, besturende direkteur van Anne Pratt & Genote. Om dit te probeer regstel het sy in 1998 haar eie maatskappy gestig wat spesialiseer in die werwing van topsakelui nadat sy die vorige drie jaar besturende direkteur was van Woodburn Mann Selection, 'n filiaal van Woodburn Mann Consulting.

Dis ironies dat die bestuur van diversiteit binne haar eie maatskappy juis een van haar grootste uitdagings was.

"Ons was die eerste plasingsmaatskappy wêreldwyd wat 'n swart vrou as konsultant aangestel het. Ek en Rosemary Mangope moes verskeie verskille uitstryk wat veroorsaak is deur ons uiteenlopende ingesteldheid in die sakewêreld, wat aan die een kant gevorm is deur 'n Westerse resultaatgedrewe fokus en 'n Afrika-fokus op verhoudinge aan die ander kant."

"Om dié verskille te oorkom, het ek die vaardighede gebruik wat ek 12 jaar gelede deur die internasionale opleidingsprogram in lewensvaardighede van die Kairos-stigting aangeleer het. Rosemary het ook die kursus deurloop en ek moedig al my personeel en sakevennote aan om dit ook te doen.

Sakevrou en haar rolmodelle... Anne Pratt in die baadjie wat Nelson Mandela tydens sy vrylating gedra het.

"Maar my rolmodel van waaroor ware transformasie gaan, bly Nelson Mandela. Dis hoekom dit een van my opwindendste oomblikke was toe ek hom verlede week nie net ontmoet het nie, maar ook die pak gekoop het wat hy gedra het toe hy vrygelaat is." Pratt het 'n byeenkoms van die Vroue in Aksie vir Ontwikkeling in Johannesburg bygewoon waarby items wat Mandela geskenk het, vir dié inisiatief opgeveil is.

"In die sakewêreld het ek Jack Welsh, voormalige uitvoerende hoof van General Electric, as een van my rolmodelle gekies. Ek konsentreer steeds op sy drie pilare vir 'n gesonde onderneming: klantetevredenheid, spantevredenheid en kontantvloei – nie wins nie. Dié fokus het daartoe bygedra dat my maatskappy binne vier maande reeds positiewe kontantvloei gehad het," sê Pratt, wat erken dat sy, wat eintlik 'n strateeg is, ook 'n voorliefde vir syfers het. Om haar syfervaardigheid aan te vul, het sy 'n MBA aan Wits verwerf. Pratt, wat ook 'n BA-graad met ekonomie en sielkunde en 'n honneursgraad in sielkunde aan die Universiteit van Natal agter haar naam het, verwys dikwels na die lesse wat sy geleer het toe sy by Unilever was waar sy in die bemarkingsafdeling deur die meul is. "Bemarking is eintlik die strategie van enige onderneming."

Sy sê een manier om positiewe kontantvloei te bewerkstelling, was om alles wat nie deel van die maatskappy se kernbedrywighede is nie, uit te kontrakteer. "Ons het daarom net drie konsultante en vier voltydse navorsers. Selfs ons kantoorruimte, meubels en alles wat met die inrig van 'n kantoor gepaard gaan, vorm nie deel van ons balansstaat nie, want ons huur kantoorruimte in die Regus-sakesentrum."

Dis ironies dat die bestuur van diversiteit binne haar eie maatskappy juis een van haar grootste uitdagings was.

Nog 'n uitdaging met die oprigting van die maatskappy was om die geskikte internasionale vennoot te kry. "Nadat ons agt maande aan die gang was, het ons die 12 topmaatskappye op die gebied, soos deur *The Economist* beoordeel, genader. Die feit dat almal bereid was om met ons te praat, het ons selfvertroue 'n groot hupstoot gegee, asook die reaksie van die Accord-groep in New York, wat ná ons voorlegging gesê het dat ons die standaard vir hul konferensie gestel het." As lid van dié vooraanstaande groep is Pratt se maatskappy goed geplaas om bestuurslui van middelvlak af in die SA konteks en wêreldwyd te soek.

Volgens Pratt moet die korporatiewe sektor in SA nuut begin dink oor die aanstelling van mense en wegbeweeg van die bestaande talentpoel sodat potensiaal raakgesien kan word. "Ons besef dat ons nie by die soek na die mees geskikte leiers kan ophou nie en het gevolglik betrokke geraak by opleiding, induksiekursusse vir direksies, waaronder interne mentorskap en eksterne leiding.

"SA het hope talentvolle mense, maar ons moet hulle help ontwikkel om die situasie te verander waar slegs 369 van die 2 787 direkteure van die 407 maatskappye wat op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) genoteer is swart is en dat hulle in 515 direksies dien. Die getal van 152 vroue wat in direksies dien, moet ook vergroot word, sê Pratt. Sy is opgewonde daaroor dat een van haar kliënte, 'n Kaapstadse maatskappy met 15 000 werknemers, haar gevra het om 'n geskikte vrou vir die direksie te vind. "In dié maatskappy se bedryf het dit sin om 'n vrou in 'n leiersposisie te hê. Dit lyk of sommige maatskappye sulke dinge stadigaan begin besef."

*Pratt is in Julie as Entrepreneur van die Jaar aangewys in aanloop tot die Sakevrou van die Jaar-wedstryd wat deur Nedbank en die Businesswomen's Association gereël word.

Colleen Naudé
cnaude@media24.com